


# TOULEIER:

Ons slaap twee nagte in Moghotlong waartydens ek die geleentheid kry vir 'n terreinbesoek op die nuwe projek. Genotlik was dit om weer met vorige werksmaats te kon stories uitruil en opvang en ook om weer die brug oor die Malibamatso te besoek. Daar kon ek eerstehands sien hoe ons destydse handewerk van dertig jaar gelede, vandag nog staan en steeds 'n ewig dors Suid Afrika van water voorsien.

Ek vra toe my gasheer om op die bult te stop waar ons destyds gestaan en kyk het hoe hulle die eerste dinamietlading afsit van die tonnel ter voorbereiding vir die tonnelboormasjien. Ek onthou nog die spierwit gesig van die kontrakteur. Hy wat nog gestaan en spog het ons op 'n veilig genoeg afstand is vanaf die blaas.

Die woer-woer geluid van die stuk rots wat rakelings by ons verby gevlieg het. Les geleer: Moenie 'n myner sommer op 'n siviele projek loslaat om te gaan '*boor-en-blaas'* nie!




Polihali, uitgespreek *poddiehadie*, is nou die langverwagte tweede fase van die hoogland waterprojek. Met hierdie dam keer hulle die Senqurivier voor in sy bolope. Dié is weer 'n voorloper van die Oranjerivier. Vanaf die Polihali dam, gaan hulle oor 'n paar jaar nog water na die Katse dam toe stuur. Katse dam kry reeds ekstra water vanaf nog twee opvangsgebiede: Mohale dam en die Matsoku keerwal.

Soos almal seker teen die tyd nou al weet, loop die water dan uit die Katse dam afdraand met 'n ses meter deursnee tonnel onder die berge deur en selfs onderdeur die Caledonrivier, waar dit dan in die Asrivier (Axle) uitloop nadat eers deur die Muela kragstasie 'gestort' het om elektrisiteit vir Lesotho te verwek.

Te vroeg vir die sneeu, is ons na ’n paar dae weer op pad terug republiek toe. Kamermaatjie hou nie van huistoe ry met dieselfde pad nie en as hoof navigator aan boord, oortuig sy my om kortpad te vat agter die Gariepdam verby.
Suid van Ladybrand klim ons van die hoofpad Bloemfontein toe af. Mik vir Hobhouse. En net daar begin die nagmerrie, gelukkig helder oor dag.
Dis naar hoe die agterpaaie verswak het oor die jare. Dis onmoontlik om spoed op te tel. Ons altwee sit met dun lippies en boude styf gespan. Ons het boonop nog ’n ete afspraak in Richmond ook. Daar is nie ’n manier wat ons gaan betyds wees nie.
Briek, briek, en swaai, swaai, kom ons uiteindelik by die kruising aan met die pad wat vanaf Bloemfontein Wepener toe loop. Lekker vet breë pikswart teerpad. Een sonder slaggate. Oorkant, in ons rigting, pure grondpad, breed, wit. Vol stof en klippe. Maklike keuse.
Ons swaai regs en mik vir DeWetsdorp. Ry dié amper mis. Draai af en ry stadig deur die nogal netjiese dorpie. Op die stoep van die korporasie staan ’n groepie en braai. Lyk soos Agriforum te oordeel aan die kakie uitrustings. Te jonk om AWB te wees.
Ek hou stil en waai vir ‘n jong dame, een van die braaiers. Sy gee haar gereedskap af en kom oorgedraf.
“Middag, middag, het oom hulle verdwaal?” Kom staan sy hande op die heupies voor die kar.
“Soort van” erken ek. “Waar kry mens die pad Reddersburg toe?”
Sy lyk bekommerd. “Oom hulle wil nie met hierdie kar die grondpad soontoe aanvat nie. Beste is om terug Bloemfontein se kant toe te ry!”

Ek gee Kamermaatjie ’n betekenis volle blik.
“Maar wag,” red sy die situasie. “Kom ons vra Oom Fasie, hy ken die area baie beter as ek,” en sy sit kort om terug na die braaiers toe.
Sy kom aangestap met ’n breë glimlag en kardoessakkie in die hand.

“ Hy sê daar is niks fout met die pad nie, moet net nie jaag nie,” en sy druk die sakkie deur die venster.
“Dè, lekker Dewetsdorp worsrolletjies vir julle tweetjies, mooi ry!”



Ons ry toe die tweespoor plaaspaadjie met geruste harte en stop in ’n populierbos waar ons die heerlike worsbroodjies geniet.
Reddersburg, myns insiens een van die netjiesste dorpies in Suid Afrika, red ons daarna met die N1 en vroeg aand sleep ons Richmond in.
Steeds betyds vir ’n ete uit saam met my kleinsus Wilna en Johan Tolken.
Groete,
*Hennie en Annabelle*

# DIE HARDE WAARHEID

*Ingestuur deur Wilfred Groenewald van Swakopmund*

1. Wanneer een deur toe en 'n ander deur oop gaan, is jy waarskynlik in die tronk.

2. Vir my beteken "drink verantwoordelik" moenie jou drankie mors nie.



3. Ouderdom 60 is dalk die nuwe 40, maar 9 nm is die nuwe middernag

4. Dis die begin van 'n splinternuwe dag, en ek kom uit die blokke soos 'n trop skilpaaie.

5. Hoe ouer ek word, hoe vroeër word dit laat.

6. As ek sê: "Nou die dag," kan ek verwys na enige tyd tussen gister en 15 jaar gelede.

7. Ek onthou dat daar ‘n tyd was wat ek kon opstaan sonder om klankeffekte te maak.

8 Ek het my geduld laat toets. Ek is negatief.

9. Onthou, as jy 'n sokkie in die droër verloor, kom dit terug as 'n Tupperware-deksel wat nie by enige van jou houers pas nie.



10. As jy in die openbaar sit en 'n vreemdeling kom langs jou sit, staar net reguit vorentoe en sê: "Het jy die geld gebring?"

11. As jy my vra wat ek vandag gaan doen, en ek sê 'niks', beteken dit nie dat ek vry is nie. Dit beteken juis, ek doen niks.



12. Ek het uiteindelik agt uur slaap ingekry. Dit het my drie dae geneem.

13. Ek haat dit as 'n paartjie in die openbaar stry en ek het die begin gemis. Dan weet ek nie aan wie se kant ek is nie.

14. As iemand vra wat ek die naweek gedoen het, frons en vra: "Hoekom, wat het jy gehoor?"

15. Wanneer jy hurk, is jou knieë veronderstel om te klink soos 'n bok wat aan 'n aluminiumblik gevul met seldery kou?

16. Ek val nie doelbewus mense in die rede nie, ek onthou net lukraak dinge en raak dan baie opgewonde.

17. Wanneer ek vir aanwysings vra, moet asseblief nie woorde soos "Oos" gebruik nie.

18. Moenie die moeite doen om 'n myl in my skoene te loop nie. Dit sou verveling wees. Spandeer liewer 30 sekondes in my kop, dit sal jou dadelik skrikmaak.

19. Soms kom mense onverwags uit die niet in jou lewe, hulle laat jou hart vinniger klop en verander jou vir altyd. Ons noem daardie mense die polisie.

20. My geluk is soos 'n kaalkop ou toppie wat pas 'n kam gewen het.

Watter een is JOU gunsteling?

# Oom Jan se kasteel



*Deur Barbara Potgieter*

Dis Meimaand in die Kaap en ons vat die uurlange rit kus af na die dorpie, Riebeek-Kasteel. Ons sien die vaal kolle waar daar binnekort groen koring gaan staan tot ons by die weggeskraapte aarde kom. Hier waar 'n reuse pad van die dorpies stede gaan maak. Hoeveel van die fynbos hier verlore gegaan het wil mens nie eers oor bespiegel nie.

## Meerhof




Ons ry verby Meerhof se ingang oorkant die pad en draai terug Hier mag mens nie verbyry nie.
Ons sien waarom. Nadat ons vir vyftig rand ses proesels amper leeg gemaak het en van die "ligte" verversings geniet het, wonder ons hoe lank gaan dit sal vat voordat ons die van middagete in die Royal Hotel, waarvoor ons eintlik gekom het, kan behartig.





In die dorp aangekom, is ons bly oor die koelte van 'n winkel met "nuwe" outydse klere en handgemaakte sepies en ander lekkerruikgoed. Ons loop vir die dame van Pictorex hier raak en besluit om daar 'n draai te gooi. Die skoonsussie hou van swart en wit foto's en ek weer van enige foto's: punt.
Hier kom ons nie uit voordat Anna al in die kar sit en wag nie en ons in plaas van 'n driegang maal, steeds propvol tee en koek by die RH uitloop.

**Klei-man**



Soms kom mens onverwags op 'n juweel af.
Dit was toe so met die pottebakker of te wel keramiek kunstenaar, Andries Dirks se Klipkind-ateljee. Ons sien hy is daar, besig in sy ateljee. Die begaafde kleiman maak van kleins af ongelooflike kleigoed. Niemand het hom gewys nie en hy het self sy maakselkies by die buiteoond neergesit. Hy het ook nie opleiding in anatomie nie, doen sy ding so met die oog.
Ek wys hom 'n foto van een van my poginkies en hy is nogal vleiend. Ons praat oor die glasuur wat goed uitgekom het. (Ek weet my beeld se ken is te lank en haar neus te groot, maar nou ja, mense let dit nie op nie.) Ons neem foto's van die aangrypende beelde
*(Daar is inligting oor Andries Dirks by **Klipkind7691** op Instagram -bp-)*


**Suga -man**




Ons val ook by Anton se plek in, met sy rye motorfietse. Natuurlik sou die sekretaresse van die Bikers klub saam met ons nie hier, verbygaan nie. So tussen sy vertrek met oudhede, vertel hy van die verlede toe die *Sugarman* met sy sang, sy hartsnare as dienspligtige geraak het. Miskien weet die leser van die soektog wat op tou gesit is vir die sanger wat in Amerika in vergetelheid geraak het, terwyl hy uiters beroemd was hier in Suid Afrika. Ons gasheer vertel hoe Rodrigues opgespoor is en voor 'n gehoor sou kom optree. So emosioneel raak hy toe dat hy net nie kon nie, het die gehoor het sy liedjies vir hom terug gesing. Sluk..
Langsaan is die bottelstoor met, so word onafhanklik beweer, die 'beste wyne" van die Wes-Kaap. Sien jou daar!

# Dié Maand se Giggels










# BREINBOELIE

**Teken vir ’n vierkant met drie reguit lyne!**

Antwoord êrens in die nuusbrief





# BRIEWE VAN LESERS




Goeie dag Hennie,
Baie dankie vir hierdie uitgawe van Kammanuus.
Ons het so Lekker gelag oor die tolk en die Engelse regter.
Jou vertellinge was soos gewoonlik baie oulik en interessant,
Baie dankie
Hettie Fourie

Breinboelie Antwoord:
Hierdie is n vierkant met 3 lyne.



Hallo Hennie, Ek soek al lankal na daai Langenhoven skets. Sover ek weet kom dit uit sy versamelde werke ONS WÊG DEUR DIE WERELD. Wil self nog graag n draai in Lesotho 'n draai maak voor ek ek te oud of te lui raak – groot ingenieurswerke daai!
Groete, Johan Massyn

Hallo Hennie, Ek wil jou 'n ware verhaaltjie vertel wat baie jare gelede plaasgevind het.

Ma en die seuntjie gaan kerk toe en sit op hul gebruiklike plek. So in die middel van die diens is hy verveeld, skuif rond en begin teen die voorste bank skop om almal in die omgewing te irriteer.

Ma vat hom aan sy arm die kerk uit. Buite gee sy hom 'n paar plathande op sy sitvlak, klim in die motor en gaan huistoe.

Die volgende Sondag sit hulle weer op hul plek, maar toe is die baba ook by.

Dit gaan goed, maar na 'n ruk raak die baba knieserig en begin te huil. Ma besluit om maar liewer uit te gaan. Vat die baba en doekesak en staan al in die gang, maar meneer sit. Sy wys vir hom om te kom, maar niks gebeur. Sy fluister toe effe harder dat hy moet kom.

Toe skree hy kliphard: "Nee ek kom nie, jy gaan my moel!"

Die gemeente het uitgebars van die lag. Wat 'n verleentheid vir die arme ma.

Groete, Pottie Potgieter

**NOG 'n PAAR, KORT EN KRAGTIG**

Goeie more Hennie en Kamermaatjie,
Baie dankie.... Ek geniet die Kammanuus soos min ander dinge,
Groete uit Pretoria – Pinka

********

Baie dankie Groot waardering vir hierdie Uitgawe. Sal vinnig slaap om môre in diepte lees. - Hannes Joubert

*********

Agteros kom ook in die kraal. Lekker gelees! - Erika Von Geyso

*********

Hennie, Jong, julle avonture darem... Tog te heerlik vir lesers wat al die vermaak kry sonder die ongerief of (somtyds) benoude oomblikke. KN soos altyd 'n tonika. Goed om mens se aandag af te lei in 'n spanningsvolle tyd. Dankie vir al jou moeite. Mooi bly, veilig bly, gesond bly.
Groete, Sally Smith




# NAG VAN DIE GENERAAL(S)

Party van ons ouer lesers sal die stories onthou wat Juleen uit haar verplegingsdae vertel het. Hier is nog een wat sy onlangs vir ons gestuur het:

Ek en Jaco gesels nou so oor dom mense en mense in magsposisies wat mens se lewe versuur, toe wonder of ek ooit vir jou vertel het van my laaste nag by 1 Militêre hospitaal? In die vroeë 80's (van 1983 tot 1985) het ek in Pretoria by die 1 Militêre Hospitaal aflosverpleging deur 'n agentskap genaamd Medico gedoen. Ek het vroeg al besef dit stuur op probleme af, want my kennis van range was maar skraps, en dié mense vrek oor rangtrek. Dit is nie 'n geval van gebrek aan respek wat my laat vasskop het nie, maar die manier wat dit knaend in jou keel af geforseer word deur die ouens op daai troontjie. Om as 'n persoon in sivvies daar te werk, het wel sy voordele gehad. Ek het nie nodig gehad om my kuite styf te trek en te salueer tydig en ontydig nie!

Ek kon my vergaap aan die mense se rangbewustheid - het darem so mettertyd geleer dit was daai tyd harde werk en toewyding wat dit teweeggebring het - nie soos deesdae dat elke Jan Rap & sy maat Generaal Majoor en kie kan wees nie, maar daai is 'n ander dag se storie.

Die laaste nag wat ek daar gewerk het voor my skuif terug Kaap toe, het ek vir die 3de nag in dieselfde saal gewerk, en die een groot kokkedoor-pasiënt bly soggens kla hy het nie 'n OOG toegemaak nie - intussen het niemand kon slaap oor sy balke saagsessies nie. Hy het Pethidine 100mg, Stemetil 12.5mg binnespiers PLUS twee Mogadon slaappille gehad elke aand al was dit teen my beterwete. Ek het geleer dat jy nie pyninspuitings EN slaappille saamgee vir die sentrale senuweesonderdrukkig van die medikasies saam nie. Daai is 'n groot probleem as hy sou ophou asemhaal en dis my handtekening langs die medikasie van hoë skedule saam toegedien, so ek het gereeld sy pols en asemhaling gemonitor deur die 3 nagte.

Die Saterdagaand na oorhandiging fluister die KO's en 'Medics" wat saam met my aan diens is en ek vra later wat is fout, want hulle lyk bietjie benoud.

Hulle vertel toe dat die Generaal Majoor in kamer 12 hulle by die Matrone aangekla het dat hy nie 'n oog toegemaak het nie en geen aandag van die personeel gehad het deur die nag nie. As daar een ding wat my laat rooi sien sonder waarskuwing, is dit 'n valse beskuldiging.

Die hele nag na al sy medikasie in sy lyf, vat ek een van hulle saam en neem sy pols, bloeddruk en asemhaling en skryf dit neer in die kardex en laat die individu saam met my teken as getuie. Elkeen het twee beurte gehad vir dié aksie en ons het dit so oorhandig die Sondagoggend. Daai Sondagaand staan die 4-stuks op aandag en praat in hoofletters. Die Generaal Majoor het 'n amptelike klag teen ons gemaak vir swak verpleegsorg deur sy rustelose & slapelose nag!

Sondagaand gee ons sy medikasie en teken saam daarvoor. Regdeur die nag, vat ek al 4 personeellede saam na sy kamer toe, ek neem sy bloeddruk, pols en toets sy oë vir pupilreaksies met 'n flits en al 4 van ons teken by die inskrywing dat hy vas slaap. Hy word NIE wakker nie. Binne sekondes snork hy weer dat dit klink soos 'n donderstorm.




Die oggend toe hy vir die kaptein Essie op dagdiens sê hy het nie 'n oog toegemaak nie, het ek sy Kardex by my en wys vir hulle albei ons uurlikse inskrywings met al vier van ons se handtekeninge by dat hy wel VAS geslaap het. Toe sê hy hy was wakker...
Dit was te veel vir my en ek sê toe "Majoor, jy lieg nou blatant" die Kaptein beskyt amper haar beste pantie "Hy's GENERAAL Majoor Suster!" waarop ek haar toe chirp "Selle poeding - ander sous, die bliksem lieg nog steeds!" Voortvarendheid van die jeug? Wie weet? Vals beskuldiging gaan nie goed af nie, en ek het 'n bek gekry om te rek, rang of te not!

Sy vlieg agter my aan en wil my aankla vir '*INSUBORDINATION*'... Sy kon nie dink wat die Afrikaanse woord was op daai tydstip nie. Toe lag ek in haar gesig en sê sy moet gou maak, ek vertrek Kaap toe Vrydagoggend, so tyd raak min en haar dissiplinêre verhoor beteken minder as niks vir my. My met 'n DD1 kom dreig! Sy't net gesnork en ek het gelag en weggestap met die personeel aan't giggel agter my aan. Hulle het my die Woensdag laat weet die dissiplinêre stappe teen hulle is teruggetrek en ek het nooit weer van Kaptein Essie gehoor nie.

Dit was jare later wat die verwarring vir die Portugese pasiënte eers vir my sin gemaak het toe ek Portugees geleer het by 'n vriendin. Die agentskap se naam was MEDICO wat dokter beteken in Portugees, maar ek het myself as verpleegster voorgestel. Boonop dra ek 'n naamplaatjie wat lees Sr Juleen du Toit, weer eens 'n manlike titel - Sr is meneer in hulle wêreld!

So 'n stukkie geskiedenis van 40 jaar gelede voor ek huistoe gekom het. Pretoria het my nooit laat tuis voel nie. Die 6 jaar en 6 maande daar, was vir my 7 jaar te lank!

# PAP & BILTONG


Baie dankie

Hennie,

Baie dankie vir wat jy en Kammanuus vir Hennenman se gemeenskap beteken.

Mag die saad wat jy uitdeel ook weer na jou toe kom!

Liefdegroete uit die Vrystaat
Nicolene
'n Helpende Hand
Hennenman tak.



Saam met die briefie links, ontvang ek toe die week 'n heerlike geskenk van pap en Biltong vanaf een van die staatmaker Helpende Hande in Hennenman in die Vrystaat, Nicolene Minnaar!
Dis bederfbare ware so ek sal dit slegs in prentformaat met julle kan deel.
Namens al julle liewe gereelde skenkers van Kammanuus, sal ek dit geniet saam met Kamermaatjie.

Nicolene, sonder die lesers en sonder julle klompie daar op die grond, kan ons dit nie doen nie.
Kammanuus het onlangs ook 'n bedraggie bewillig aan die ouetehuis op Richmond vir hulle pannekoek dag wat gehou is om kostes van die inwoners te help dek.
Mense sê altyd hoekom nog probeer, want daar is soveel ander wat oorgeslaan word! Ons bly egter fokus op die paar wat ons wel kan help.
Indien jy ook wil inval by Kammanuus se beskeie poging, hier is die spaar rekening waaruit ek al die afgelope meer as 20 jaar 'n KAMMANUUS hand uitstrek wat kinders en bejaardes help:

**FNB – H J Greeff**

**Spaarrekening nommer: 60379199926**

**SWIFT: FIRNZAJJ**

**Merk betalings**

**HULPFONDS**






POEDINGS

POEDINGS

POEDINGS



Liewe vriende,

Soos ek laas genoem het, geen briefie nie, want hierdie bydraes spreek vanself!
Ek deel graag oor die volgende klompie maande, hierdie oulike paar poeding resepte wat ek op Facebook gekry het! Te oulik om nie te deel nie!

# Jan Ellis poeding

Deeg:
1 1/2 kop. bruismeel.
2 eiers.
2 eetl.appelkooskonfyt.
1/2 kop. melk.
1/2 kop. suiker.
1 teel. koeksoda.
2 eetl. sagte botter.
1/4 teel. sout.
Los koeksoda in melk op. Meng al die ander bestanddele.
Roer melk en koeksoda by en meng baie goed. Bak 30 minute in matige oond.

Stroop:
1 kop. kookwater.
1 kop. room.
1 teel. vanilla.
1 kop. botter.
1 kop. suiker.
Gooi alles in kastrol en bring tot kookpunt.
Gooi warm sous oor poeding wanneer dit uit die oond kom.
Bedien warm of koud.

Self Sufficiency vir n Arm Gat

*Retha van Bettiesbaai*

# ‘n VAKANSIE OM TE VERGEET



## DEEL II – Thys Blom

**Voorheen:** Die boot word na *Versuiplappie* gedoop nadat hy gesink het. Hulle breek die enigste ski’s. Alles loop nie soos Toyota nie....lees nou verder

Een oggend word ek wakker en besef dat my horlosie nie aan my arm is nie, en wat ek bykans nooit afhaal nie. Die soektog begin in alle erns, want dis nie sommer een van daai cheap elektroniese outjies nie. Dit was ‘n kersgeskenk van my vrou en moes gevind word. Nadat die kamp omgekeer is sonder sukses, besluit ek en Theo om die piekniekplek van die vorige middag oorkant die meer te gaan verken. Ons is in die Classic oor die meer en het die sand omgedolwe sonder om ‘n kolletjie te mis, maar geen teken van die horlosie nie. Op pad terug kamp toe verloor die Mercury ewe skielik krag en kom stadig tot stilstand. Ek skakel die motor af en wonder wat dit hierdie keer is wat dreig om my vakansie te bederf. Toe ek die motor oplig kon ek my oë nie glo nie. Die motor het vasgedraai in een van die plaaslike bevolking se onwettige visnette. Na ‘n kort soektog vind ek my Leatherman op die boot. Wat ‘n verligting. Die nette word gou losgesny en ons is weer oppad. By die wal aangekom besluit ons om die boot nader te verken vir die horlosie en jou wrintie waar daar kry ons hom onder een van die kussings in die neus van die boot.

Dit mag dalk paranoïes klink, maar ons vermoed die eienaars van die nette wat ons vroeër die dag gesny het, het ons dopgehou en die skade aan hulle nette vinnig besef. Teen 5 uur dieselfde middag het iemand in my dogter en haar vriend se tent ingestap, terwyl ek en my vrou 5m verder in ons tent lê en slaap het, en al hulle klere, paspoorte, ‘n koplig, waaier en opvoustoel gesteel. Ons het die omgewing in die halfdonker verken, maar kon geen spoor van die diewe of die goedere vind nie. Die volgende middag was dit ons vennote se beurt, toe hulle tent met ‘n mes oopgesny word en al hulle waardevolle eiendom soos kamera, ringe en dies meer verdwyn het. Teen hierdie tyd was ons mooi gatvol vir dié Mosambiekse vakansie. Ons moes beëdigde verklarings by die polisie aflê, maar het nie veel vertroue in die sisteem gehad om die jongmense suksesvol sonder paspoorte uit die land te kry nie. Die dag toe ons deur die grens is het die jongmense sommer in die motor bly sit en ons het deur die grens gery sonder om enige papierwerk vir hulle te doen.

Die res van die tyd op Bilene het sonder insident verloop, behalwe vir die laaste middag. Die klomp oumense besluit om vir ‘n laaste “sundowner” op die Bilene meer te gaan en ons laai die dop en peuselgoed met ‘n tikkie heimwee op die boot. Ons kies rigting noordoos na die lang deel van die meer, weg van die see. Dis ‘n rustige middag, met die son wat reeds laag op die horison sit. Aan die einde van die meer, sowat 5km van die kamp en na ‘n paar lekker doppe, gaan staan die boot sonder brandstof. Die brandstofmeter was buite werking na die oorstroming vroeër in die week.

Gelukkig was daar vriende binne stapafstand van die meer wat kon gaan brandstof haal by ons kamp. Sowat ‘n uur later was ons weer oppad terug kamp toe.

Bilene het sy tol van ons geëis, maar die laaste strooi binne Mosambiek sou by die grens op ons wag. Sonder om aan die datum deeglike aandag te gee, besluit ons om die 1ste Januarie die tog huistoe aan te pak, min wetende dat dit die dag is waarop die Mosambiekse inwoners na hulle werk in Suid Afrika sou terugkeer. Toe ons by die grenspos arriveer is die ry reeds 3 km lank en kort voor lank, het daar nog 2 km se voertuie agter ons opgehoop. Almal dink aan maniere om voor in die ry te kom en die ouens in die middel doen alles in hulle vermoë om te verhoed dat die agterste ouens verby kom. Lelike gevegte het langs die pad uitgebreek. Van manne wat mekaar met hulle voertuie wou uithaal tot ouens wat mekaar met moersleutels wou …., slaan. Hordes busse het hulle passasiers afgelaai en die honderde voetgangers het rustig by ons verby gestap en voor in die ry ingedruk. Gedurende die nag het van die voetgangers probeer om ons voertuie te beroof. As jy nie die hele tyd langs jou bakkie of boot gestaan het nie, het vlytige vingers gou onder jou seil ingeglip en iets gesoek om te steel. Theo het juis op een van hulle afgekom en sy kop met moederaarde verenig.

Agt ure later is ons deur die grenspos, met geen diesel in die bakkie se tenk nie. Ons moes binne ‘n kilometer of twee by ‘n vulstasie kom anders was ons gestrand. Ons was gelukkig om die vulstasie op Komatipoort te haal, maar dit was ‘n miernes van motors en busse. Dit was nie maklik om ‘n 8m lange sleepwa en boot tussen die hordes voertuie deur te maneuvreer nie. In die proses vlieg ‘n bus by ons verby en tref die boot en sleepwa skrams. Ons skree en waai arms maar die bestuurder van die bus stel nie belang in ons tirades nie. ‘n Jongman in ‘n voertuig langs ons spring toe uit, hardloop die bus van agter in en dwing die bestuurder om terug te keer en die skade te inspekteer. Daar was nie veel aan te doen nie. Ten minste was die skade aan die sleepwa nie so erg dat ons nie met ons terugtog kon voortgaan nie.

Teen so 23:00 is ons terug op Nelspruit, reg om die lang tog terug Port Shepstone toe aan te pak die volgende oggend. Die pad huistoe was lank en uitputtend en ons was nie uitgerus soos ‘n mens sou verwag om te wees na ‘n twee weke vakansie nie. By die St Lucia afdraai aangekom besluit ons om liewer oor te bly. Die pad was net te lank. Die volgende oggend eet ons eers ‘n lekker ontbyt voor ons die res van die pad huistoe aandurf. Aan tafel begin eers my dogter en toe ek die jeukkings kry. Min het ons geweet dat Praya do Bilene op St Lucia haar finale nekslag sou toedien. Mango Vlieg! Vir weke daarna het ons nog gekrap en elke keer as ‘n wurmpie sy pad na die oppervlak oop gewriemel het was dit ‘n grillery van vooraf. Waar die wurmpies uitgepeul het, het dit sommer lelike merke op die vel gelaat.

By die huis aangekom het ons almal geweet dat Mosambiek ons nie gou weer sou sien nie. Dalk nooit weer nie!



# AGTEROS

Net voor uitspantyd



DANA SNYMAN

## HALFTYD

Halftyd staan almal op Loftus oospawiljoen op om bene te rek.. sy ma bly sit. Sy lees een van haar love-stories en steur haar nie aan die rugby nie.

"Ek dink ek en jy moet 'n draai loop." sê sy pa en stoot hom voor sy ma se bene verby, die gangetjie tussen .en die stoele af, tussen die mense in. Hy hou sy pa . hand styf vas. Sy ore is al seer van al die lawaai, die mense se geroep en geskreeu, die musiek, die helikopter met die rooi liggie op die stert wat bokant die stadion in die lug draai.
Hulle stap by trap, af, hy en sy pa skuur tussen die mense deur tot agter die pawiljoen waar almal in rye staan om koeldrank en tjips en hotdogs en roomys te koop. Hy wil 'n King Cone hê, maar sy pa kyk op sy horlosie en se daar is nie nou tyd nie. Die tweede helfte begin oor tien minute. Tyd om te gaan piepie, is daar ook nie. Sy pa druk hom by die ry mans voor die toilette verby. Af by nog trappe, tussen nog mense deur. Hy moet nou draf om by sy pa se lang tree te bly maar hy los nie sy pa se hand nie want nou nou hy raak weg tussen hierdie mense.

Sy pa gaan staan voor 'n oop deur. Binne is 'n groot lawaai. Dis die bar. Sy pa loer by die deur in, 'n diep frons tussen sy oë. Die bar is propvol manne. Almal met glase of botteltjies in hul hande. By die toonbank wag 'n bondel mense om drinks te koop.

## Toe bars sy pa by die bar in..

Hier gaan 'n man nie geholpe raak nie, sê sy pa en sug. "Ons sal 'n plan moet maak." Die volgende oomblik buk sy pa en tel hom op. "Jy sê net nie hiervan vir jou ma nie, oukei?" fluister sy pa hier naby sy oor. En toe bars sy pa by die bar in.

Met hom in sy arms. Nes toe hy nog klein was. Die rook brand sy oë, hy voel sy pa se natgeswete lyf teen hom, die mense skuur seer teen sy bene wat slap in die lug hang.

'n Man kom staan voor sy pa. "Jy kan mos nie 'n kind hier inbring nie, meneer," se die man.

"Hierdie kind het flou geword," antwoord sy pa...”Hy, water nodig. Dringend,"

Sy pa stap dieper die bar met hom in, heen en weer tussen die mense deur, terwyl hy roep: "Maak pad, Maak pad, hierdie kind het dringend water nodig”
Een na die ander begin die mense eenkant toe staan sodat hy en sy pa kan verbykom. "Shame," sê een vrou en wys na hom...”Die arme kind!."
Skielik is hulle heel voor by die toonbank. Op die vloer agter die toonbank staan groot sinkbaddens vol yswater en bierblikkies. Teen die rak hang die bottels kop onderstebo. Daar is vier bar-manne. Een kom nader, reguit na hom en sy pa toe. "Kan ek help, meneer?”. vra hy.
Sy pa lig hom hoër en sit hom eers op die toonbank neer. Toe haal hy sy beursie uit sy broeksak en se: .'”n Brandewyn en Coke, asseblief. Maak dit 'n double.

En maak fokken gou."

Volgende maand maak ons weer so!